**Oseaanbewaring het sterk verhoudings en nie net teikens nodig nie**

**Derek Armitage en Ella-Kari Muhl***

Met Wêreldoseanedag wat op 8 Junie gevier word, sal beleidmakers en navorsers besin oor die toestand van die oseaan en pogings om mariene-omgewings te beskerm.

Daar is geen tekort aan wêreldwye doelwitte en teikens om daardie gesprekke aan te dryf nie. Die Verenigde Nasies se Dekade van Oseaanwetenskap vir Volhoubare Ontwikkeling (2021-30) het tien uitdagings bevorder om aksie aan te dryf. Een daarvan het ten doel om ekostelsels en biodiversiteit te beskerm en te herstel.

Nog 'n VN-poging, die Kunming-Montréal Globale Biodiversiteitsraamwerk, poog om te verseker dat minstens 30 persent van mariene- en kusgebiede (asook land- en binnelandse waters) teen 2030 doeltreffend bewaar en bestuur word.

Sulke teikens – hetsy vir finansiering, bewaring of om ekonomiese impakte te meet – is 'n deurslaggewende element van voortdurende pogings om oseaanbewaring te ondersteun. Maar 'n fokus op teikens kan die belangrikste ding in enige oseaanbewaringspoging wegsteek – die mense wat daardie hulpbronne en ekostelsels bestuur.

Toe die post-2020 Globale Biodiversiteitsraamwerk ses jaar gelede opgestel is, het ons aangevoer gemeenskappe moet sentraal in pogings staan om die natuurlewe, plante en ekostelsels te bewaar, en dat wêreldwye biodiversiteitsteikens slegs sou slaag indien bewaring kusgemeenskappe in die kern plaas.

Ons het spesifiek op die belangrikheid daarvan gewys om vertroue-gebaseerde netwerke van mense te bou om saam te werk vir bewaring, asook die behoefte om plaaslike en gewoontereëls en -praktyke te respekteer en te laat herleef vir betekenisvolle bewaringsbesluitneming.

Terwyl ons die middelpunt van die VN se Oseaandekade verbysteek, moet daardie boodskap versterk word. Die bewyse toon bewaringpogings en positiewe verhoudings tussen mense en organisasies is die goed wat regtig saak maak en wat tot billike rentmeesterskap en bewaringsuitkomste lei.

**Hoe vordering gemeet word**

Vordering word dikwels in gebiedsgebaseerde teikens gemeet, maar die doeltreffendheid van oseaanbewaring hang uiteindelik van plaaslike gemeenskappe en die omgewings wat hulle onderhou af.

Dit beteken hernude klem op plekgebaseerde benaderings tot bewaring, en 'n verbintenis daartoe om pogings saam met gemeenskappe te ontwerp. Dit beteken ook om ag te slaan op oproepe vir transdissiplinêre wetenskaplike vennootskappe wat gemeenskappe, die bedryf, regering en navorsers van plaaslike tot internasionale vlak verbind.

Ons het saam met kollegas twee onlangse referate laat verskyn om ons insigte te gee in die deurslaggewende rol van verhoudings in pogings om ons oseane te beskerm. Die eerste fokus op die uitdagings wat kleinskaalse visserye in Afrika en Asië in die gesig staar. Dit wys op die verhoudingsbande – gedeelde geografiese ligging, lidmaatskap van spesifieke organisasies,

gemeenskaplike waardes en doelwitte – wat die grondslag van doeltreffende bestuursnetwerke uitmaak en die bron van kollektiewe aksie is.

'n Belangrike les hier is dat bestuursnetwerke en vennootskappe wat rondom 'n gedeelde gemeenskapsgevoel gebou word, tot positiewe rentmeesterskap en pogings om transformerende verandering te bevorder, lei.

Ons referaat beklemtoon ook die belangrikheid daarvan om saam met gemeenskappe te werk om aksie te bevorder en strategieë te ontwikkel wat vir unieke sosiaal-ekologiese situasies aangepas is.

Die lesse hier vestig spesifiek die aandag op hoe prosesse van die koproduksie van kennis moet help om magsverhoudings tussen mense en organisasies gelyk te maak om die samewerkende vennootskappe te bevorder wat vir gedeelde leer nodig is.

**Transformerende oseaanwetenskap**

Nog 'n onlangse artikel van ons bring die werk van die Geïntegreerde Marienebiosfeernavorsing, 'n grootskaalse wêreldwye navorsingsprojek wat daarop gemik is om oseaanvolhoubaarheid en die belangrikheid van verhoudings te bevorder, saam.

Die uitkomste van hierdie wêreldwye projek is om oseaanvolhoubaarheid tot voordeel van die samelewing te bevorder deur mense aan te moedig om oor vak- en geografiese gebiede heen vennootskappe te sluit en saam te werk.

'n Baie belangrike les is dat dit waarskynliker vir transformerende oseaanwetenskap is om na vore te tree waar uiteenlopende gemeenskappe – insluitende die navorsingsgemeenskap – by oseaanbestuur betrokke is.

Dit is ook 'n les wat in 'n ander deurlopende inisiatief sentraal staan wat deelnemende en kunsgebaseerde metodes gebruik om veranderinge in marieneregte en -toegang in kusgebiede wat vinnige verandering in die Wes-Indiese Oseaan ondervind, beter te verstaan.

Om die ambisie van die VN se Oseaandekade en die 2030-biodiversiteitsteikens te bereik, sal die beste beskikbare wetenskap verg. Sonder 'n fokus op die verhoudings wat aan die kern van goeie wetenskap en billike optrede lê, sal selfs die mees ontwikkelde teikens egter buite bereik bly.

Die toekoms van ons gedeelde oseaan sal nie net van wat ons kies om te beskerm afhang nie, maar ook van hoe ons kies om met mekaar en met die lewende wêreld wat ons onderhou, om te gaan.

***Prof Derek Armitage is 'n professor aan die Skool vir Omgewing, Hulpbronne en Volhoubaarheid aan die Universiteit van Waterloo. Dr Ella-Kari Muhl is 'n navorser by die Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange aan die Universiteit Stellenbosch.**